# Bellville
## NUUS UIT DIE KANTOOR

Goeiedag Bellville Gemeente

Daar is Lente in die lug, ons weer is besig om te verander en saam met dit is daar 'n huppel in ons stap. Ons sien die laaste kwartaal wink oor die horizon. Dit is sekerlik ook een van die besigste tye van die jaar. Sterkte aan die Matrikulante wat einde Oktober begin met eindeksamens. Almal wat nou voorbereidings doen vir finale eksamens, ons bid vir julle en weet dat julle hierdeur sal kom – sterker as wat julle gedink het julle sal kan.

Lees nou alles oor die gebeure van die afgelope maand. Kyk, *Die Vanniekerks* was goed besig gewees.

~oOo~

**Vertrekpunt**
Ons nooi jou uit om in te skakel by ons gemeente. Hierdie kursus gaan nie net daaroor om jou naam op 'n lys te sit nie. Dit gaan oor om saam deur die lewe te gaan. Dit gaan oor om te behoort en te weet jy is nooit alleen nie. Ons wil saam met jou bid, vertrou en droom. Hier hoor ons jou storie en waar jy ons storie hoor.

Raak deel van ons Bellville familie. Skakel gerus die kerkkantoor vir meer inligting. Vertrekpunt skop dan ook af op 17 Oktober om 09:30. Maak seker dat jy deel is van die groep.




**Huwelike en Ouer Ondersteuning**
Dit was beslis 'n besige maand. Veral op die gebied waar ouers ondersteuning gesoek het vir *COVID Fatigue* by die huise en ook by die hantering van trauma gevalle.

Hier is hulp vir jou as ouer en ook vir grootouers! Ons kan help met jou kinders se noodroep. Van Laerskool tot Student.

1. Vir Oupas en Oumas: Hou met ons kontak oor hoe om vir julle kleinkinders te bid.
2. Vir Ouers: Kyk weer na jou rol as ouers en doen die gratis kursus oor doeltreffende Ouerskap.
3. Vir getroudes: Werk aan een ding en sit die vonkel terug in jou huwelik. Daar is gratis materiaal beskikbaar om te help.
4. Vir Matrikulante: Laat weet as jy die program wil doen oor Gap skills vir volgende jaar
5. Laastens raak deel van die Omgeegroep wat gaan oor Emosionele Intelligensie en kry so gratis evaluering.

Kontak vir Alicia by alicia@agsbellville.com.

~oOo~

**Pulse (Bestem_Tieners & Anker_younadults)**
Die jeug bediening vier groot momentum gedurende die maand van September.

Ons het relevante reekse behandel en ook gesien hoe die Here tieners en jong volwassenes se lewens aangeraak het deur die Evangelie.

Die kwartaal afsluiting was 'n hoogtepunt en ons het baie pret beleef met die tema van "funny dress" en die parkie krieket toernooi. Daar was van worsbroodjie braai tot prys uitdeling. Deel gerus saam ons in die pret met die volgende foto's (sien laaste baldsy).

Erick
erick@agsbellville.com



**K4J** (Kinderkerk)

K4J het September 'n bietjie gesins pret gehad. Van bak en brou in die kombuis, bordspeletjies vir die hele gesin asook Bybelse opvoerings en Liquorice All Sorts mannetjies bou… Ons het saam met mammas, pappas en kinders aanlyn en in persoon gekuier.

Ons sluit die "Jy is Myne" reeks af met 'n heerlike Malvalekker-braai op 8 Oktober om 18:30. 'n "Dress up" vakansie aktiwiteit en tema op 3 en 10 Oktober.

Ons het 'n vol en opwindende program vir ons vierde kwartaal en moedig die maats en ouers aan om nie een Sondag te mis nie. Ons het 'n Wimpy-Voucher Kompetisie, 'n bietjie poppekas en nog groot verrassings wat wag.

So…. mammas, pappas en kinders raak betrokke by ons kinderbediening en kom belê in jou en jou kind se toekoms en geestelike groei. Kom raak deel van die K4J span deur op te teken vir die laaste kwartaal van 2021, tydens ons Sign-Up Sunday op 24 Oktober. Wees deel van die verskil wat jy in jou kind se lewe wil sien. Ek kyk uit vir jou.

Groete uit K4J-Land

~oOo~

**SENDING (WEN)**

Dankie vir almal wat die Sendingdienste / videos gekyk het. Ons vertrou julle het dit geniet, maar moet erken ons sou seker almal eerder in persoon bymekaar wou gewees het.

Die potjiekos-wegneem-etes is goed ondersteun. Ons dank aan Johann Luus, sy familie en vriende wat dit behartig het. Ons het heerlik gesmul.

Daar was min geloofsofferbeloftes, maar ons vertrou die wat kan, sal voortgaan om ons Sendingaksie te ondersteun.

André en Anne-marie Thiart hou ons via WhatsApp op hoogte van hul doen en late. Hulle het albei begin September positief vir Covid getoets, maar was na so 10 dae weer aan die gang. Hul grootste taak is om die vlugtelinge te voorsien van kospakkies, wat ekstern geborg word. Ons stuur hul Whatsapp boodskappe vir almal wat dit wil ontvang. As julle op die lys wil kom, stuur gerus 'n Whatsapp na 082 929 1581 met die woord ***Thiarts***.

Dan gaan dit ook baie goed met Dibanisile. Dr Johan Serfontein het hom besoek in September. Dibanisile het begin bou aan die kerk op die grond wat hy van die Stadsraad bekom het. Die grond is een hektaar groot en kan 'n redelike groot gebou akkomodeer, met nog ander geboue op die perseel. Parkering is nie so nodig soos in ons geval nie. Hy het ook sy Hop-huis reggemaak om in te kan bly. Daar is egter nog nie elektriese koppeling nie.

Indien jy wil betrokke raak by Sending, hetsy deur Geloofsoffer beloftes of Gebedsbeloftes, skakel gerus met die kerkkantoor. Jy kan jou verbintenis tov Sending Geloofsoffer belofte aan ons stuur deur gebruik te maak van die volgende skakel: https://forms.gle/Hqvoy7s7mq2vefKQ8

Sending-groete!

~oOo~

**Bellville Uitreike**

AGS Bellville Uitreike is weer amptelik Dinsdae aande betrokke met uitreike in-persoon. Al die vrywilligers sien weer uit na verhoudinge bou met veral die nuwe inwoners van die skuiling by Safe Space. Kontak gerus vir Eben om betrokke te raak.

~oOo~

**AKTIWITEITE**:

Dagboek ook hierdie datums vir ons Bedieninge wat in-persoon bymekaar kom. Skakel gerus hierby in.

1 Oktober – Inceba Vetkoek verkope
3 Oktober – Nagmaal



8 Oktober – K4J Marshmallow Braai
10 Oktober – Kindertoewyding
11 Oktober – BookClub
12 Oktober – Bellville Uitreike (elke Dinsdag)
13 Oktober – Pulse (elke Woensdag)
17 Oktober – Voorstelling - Nuwe Ouderlingsraad
17 Oktober – Vertrekpunt
17 Oktober – Sign-Up Sunday : Groepe
18 Oktober – Ironman
24 Oktober – Sign-Up Sunday : Bedieninge
29 Oktober – Inceba Vetkoek verkope

~oOo~




**RAAK BETROKKE**

Het jy die kwartaal ingeskakel by 'n Groep of dalk 'n bediening? Wonderlik! Mag dit jou lewe verryk het. Onthou, aan die begin van elke kwartaal is daar die opsie om by 'n nuwe Groep (belangegroep, kontakgroep, omgeegroep of kursus) in te skakel of selfs by 'n Bediening. Indien jy egter jou groep of bediening GEVIND het waar jy jouself uitleef, is ons opgewonde en gemotiveerd saam met jou.

Maak seker dat jy al die inligting bekom tydens ons 2 Sign-Up Sunday geleenthede.

~oOo~

Baie geluk aan die volgende persone wat besonderse verjaarsdae in Oktober vier:

3 - Leon van Breda (74)
15 - Linn-He Smit (74)
13 - Kate Coetzee -(72)
22 - Graham Bayman - (90)
23 - Schalk Bosch -(73)
24 - Marita Cronjé (73)
25 - Johan Roode - (74)
26 - Joyce Williams - (88)
30 - Neels van Schalkwyk - (78)

~oOo~

Intussen, kyk gerus elke Sondag na ons aanlyn dienste op Facebook en YouTube. Indien jy dit nog nie gedoen het nie, "*like*" ons Facebook blad. Share ons dienste op jou eie blad. "Subscribe" op ons YouTube kanaal. So verseker jy dat jy geen inligting mis of dalk nie weet wat in ***jou*** gemeente gebeur nie.

Elke Sondag is daar ook 'n program beskikbaar vir al ons kinders (0-12 jaar) om **08:30** sowel as vir ons Jeug (13-35) om **18:00** op ons sosiale platforms.

Dit is waarlik 'n inspuiting van geloof, Woord en ek weet, oud en jonk kyk alreeds daarna.

~oOo~

Skakel ons asb indien daar gebed benodig word. Ons gebedspan is 24 uur besig om te bid en in te tree vir ons gemeente, gesinne, families en ook ons gemeenskap.


Groete uit die Admin kantoor

Ivy van Staden
info@agsbellville.com
021 949 1600
067 400 6543

~oOo~



Kyk gerus saam met ons na so paar van ons **K4J** Fotos. Dit blyk 'n baie groot sukses te wees met baie pret daarmee saam:
















Pulse (Bestem_Tieners & Anker_YoungAdults)











